

Wat dink jy is die verskil tussen JV en Klein JV ?

Bertha: JV is meer oor wat dit beteken dit vir jou.

Daniel: JV praat dieper oor dinge.

Anita: By klein JV praat die leiers meer.

Maak jy altyd voorstudie ?

Johan: Ek maak altyd voorstudie.

Maryke: Voorstudie is nodig anders kan jy nie lekker saampraat nie.

Cora: Ek maak altyd voorstudie, die een keer net bietjie meer as die ander keer.

Baie hartlik welkom julle almal en:

Geniet die jaar ten volle !

"MINI WORLD CUP" SOKKER: HOLLAND TEEN SUID-AFRIKA

Margreet Bron

Die sokkerwedstryd is Woensdag 10 Februarie gehou. Dis maar 'n jaarlikse tradisie en hierdie jaar het 'n damesspan ook ingeskryf. Dit was Suid-Afrika wat teen Holland gespeel het, en "ons" was natuurlik die Hollanders.

Reën en wind en weer het die gemotiveerde en entoesiastiese Hollandse span nie 'n oomblik laat terugstaan nie. Vol vuur en vlam het die spannetjie dapper saam gestaan.

In die kleedkamers was dit 'n behoorlike deurmekaar spul en 'n gesukkel om vir almal sokkerskoene in die hande te kry, want die mediese fonds betaal glo nie vir beserings van dames op nat sokkervelde nie !! So is daar darem voldoende beskerming gebied teen gebreekte bene en verstuite tone, maar ongelukkig het daar meer as een paar naels in die slag gebly...

Die dames het baie sportief gelyk in hulle rooi en wit sokkerpakkies en hulle het ook so opgetree en behoorlik hulle longe..ag...harte uitgespeel. Die

harde werk het toe ook vrugte afgewerp, want die Hollanders se spangees en puik balbeheer het ook menige van die toeskouers se naels in die slag laat bly, en gou-gou het hul hul eerste punt op die telbord geplaas.

Maar net so tussen ons...die verdedigers moes vóór en ná dit uithaal en wys, en daar is so 'n paar maal van ligte kommunikasiegapings en Suid-Afrikaanse geluk gebruik gemaak om Suid-Afrikaners 'n voorsprong van agt teen een te gee. Daar lê dus nog baie harde werk en baie sweet voor voordat Holland tot hulle ware reg sal kom.

Die mans het ook nie hulle verwagte oorwinning behaal nie, maar net soos by die vroumense word daar hard aan gewerk. Daar was puik gees onder die toeskouers en die spanne self en die Hollandse spanne het die veld verlaat met die voorneme om die punttellings volgende jaar om te keer!!!

VERJAARSDAE

Bethal

Alet van der Merwe 9 April
Ryno Fletcher 12 April
Nicolene Fletcher 26 April

Johannesburg

Guido Kuyvenhoven 9 April
Aurelius Kuyvenhoven 31 Mei

Kaapstad

Maaïke Raimond 8 April
Marié le Sueur 9 April
Maartje Eefting 19 April
Sarel van Wyk 3 Mei
Roseanne le Roux 5 Mei
Anel Winterbach 9 Mei

Erik-Jan Moes 16 Mei
Karen Douma 19 Mei
Jacques Kilian 20 Mei
Marco Zielman 22 Mei
Willem van Dalen 22 Mei
Vanessa Derks 24 Mei

Maranata

Hermien Bijker 15 April
Johannes de Vries 20 April
Gerda de Vries 21 April
Herman de Jager 25 April
Berend de Jager 3 Mei
Iman van den Bout 7 Mei
Frans Hagg 11 Mei

Monika Kampman 12 Mei
Anita Dryfhout 23 Mei
Rynald de Wit 24 Mei

Pretoria

Anita Zielman 9 April
Jan van de Weide 10 April
Erika Ros 19 April
Karina Smit 25 April
Wieger van der Veen 3 Mei
Naomi Schuring 15 Mei
Willemien Kleyn 15 Mei
Caroline van der Linden 17 Mei
Anja Smit 18 Mei
Christelle Bosker 30 Mei

DIE ONTSTAAN VAN DIE VRYE GEREFORMEERDE KERK BETHAL

Le Clué Nienaber

Ons het ontstaan vanuit die NG Kerk Bethal nadat sy onder leiding van haar plaaslike leiers haarself losgemaak het van die NG Kerk se outokratiese kerkregering en die gepaardgaande en groterwordende dwaalleer. Dit is vandag ongelukkig algemeen bekend dat die NG Kerk al meer van die leer van die Protestantse kerk afdwaal. Ons noem byvoorbeeld dat sy al vroue tot die amp van leraar toegelaat het en die kindernagmaal aanvaar het. Hoogleraars en leraars word steeds geakkommodeer wat die Woord van God belaglik maak. Dan laat hulle selfs nog toe om jong leraars in dieselfde manier van denke op te lei by die teologiese skole. Terselfdetyd vervolg dieselfde kerk diegene wat haar oor die dwalinge aanspreek, deur selfs gebruik te maak van die wêreld se hof!

Sy het verder al meer charismaties en wêrelds geword in haar eredienste, die aanddienste het begin afsterf en die tug word versuim. Bande

word opgebou met kerke en liggame wat openlik die Gereformeerde leer verwerp.

Die Vrye Gereformeerde Kerk Bethal is deel van 'n breër kerkverband van die Vrye Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Nederland, Australië, Nieu-Zeeland, Tasmanië, Kanada, Indonesië ens.

Bethal se jeug is nog nie baie groot nie maar werk baie hard daaraan om meer te word. Op die oomblik bestaan ons uit vier seuns en drie meisies. In graad 8 is ons: Charl Coetzee, Alet van der Merwe en Elize Botha. In graad 9: Le Clué Nienaber en in graad 10: Jean de Vries, Hannes van der Merwe en Toinette Coetzee. Ons het nie jeug-byeenkomste nie maar ons het speletjies aande waar ons sosiaal verkeer en daar gesels ons met mekaar en saam met die gesin. Daar word egter beplan om 'n jeugbyeenkoms te hê.

Maranata

HOE VOEL EERSTE JAARS OOR JV?

Cora Visser

Hierdie jaar het daar weer 'n paar nuwe gesigte by Maranata se JV verskyn. Hierdie nuwelinge is: Bertha de Jager, Daniel van der Meulen, Johan de Vente, Maryke Aartsma, Anita Dryfhout en Cora Visser.

Ek het so 'n paar vrae aan hulle gevra en dit was die resultaat:

- Hi, my naam is Bertha, ek praat net somtyds op JV. Ek geniet die vergaderings baie en natuurlik ook al die ontspanning!!
- Wel, ek is Maryke, ek sê nie so baie op JV en bly meeste van die tyd stil, maar ek geniet dit tog baie daar.
- Hallo julle, ek is Anita, volgens my vriendinne is ek baie vriendelik. Oor die praterij op JV, wel ek praat baie, vra maar vir die ander ! Ek geniet dit baaaie op JV.

- My naam is Daniel, ek is 17 en speel sokker en hou van enige soort musiek. Ek praat net soos die ander nie baie op JV nie, maar dit is nie omdat ek skaam is nie!! Ek geniet dit baie op JV.
- Hallo ek is Johan, ek is graad 11 en hou baie van die natuur en fietsry. Ek is 'n bietjie skaam, maar praat tog wel as ek 'n antwoord het. Ek geniet dit baie op JV.
- Hi, ek is Cora, ek hou van kuier, gesels en natuuuurlik van baie lag !! Ek praat nie so baie op JV nie, maar as ek 'n vraag het sal ek dit wel somtyds vra. Net soos die ander geniet ek dit ook baie op JV.

Ek het ook nog so paar ander vrae vir hulle gevra.

Vir dié mense wat in die afgelope maand verjaar het en dié wat in die komende maand verjaar, baie geluk. Mag dit 'n mooi dag wees saam met familie en vriende en bowenal met die seën van die Here.

Julle weet, ek sit hier by die sleutelgat en loer en my oë is eintlik al seer gekyk. Ek weet julle sal graag wil hoor wat ek nog meer sien, maar tot

volgende maand sal julle maar self moet kyk en as julle iets sien wat nuuswaardig is, dan moet julle my maar laat weet en ek sal dit in die volgende uitgawe sit.

Geniet julle maand en alles wat julle moet doen.
Groete
Die Sleutelgatloerder

'N PAAR INTERESSANTHEDE OOR DIE VOLK ISRAEL

OU TESTAMENT

Die rigters

Die regering in die rigtertyd was veronderstel om teokraties te wees wat in praktyk gebring is deur die leiers van die onderskeie stamme.

Die geskiedenis van die tyd (Rig. 2-16) wys hoe die volk keer op keer van die Here weggedwaal het. As die Here hulle dan gestraf het met politieke verdrukking, het die volk gepleit om verlos te word. Uit genade sou die Here dan 'n verlosser stuur in die vorm van 'n "rigter".

Die rigter sou ondersteun word deur 'n aantal stamme in sy stryd om die volk se vryheid te herstel. Hierdie rigters was God se instrumente om sy koningskap oor Israel uit te oefen.

Kulturele veranderinge

Ons weet min van die kulturele veranderinge van Israel in die "Griekse" tydperk, maar ons kan die Judaïsme aan die einde van die OT vergelyk met die van die NT.

Nes die Kanaäniete en Babiloniërs die Israëliete beïnvloed het, so het die Griekse kultuur Judaïsme grondig verander. Dit is veral duidelik uit die tussentestamentiese Joodse geskrifte, soms ook die Apokriewe genoem.

Die sinagoges het ook in hierdie tyd ontwikkel, en groepe soos die Fariseërs wat ons uit die NT ken, het ontstaan.

NUWE TESTAMENT

Huwelik en gesinslewe

Ten tye van die NT het jongelinge min inspraak gehad in die keuse van huweliksmaats. Huwelike is deur die ouers gereël, gewoonlik toe die jongmense in hulle laat tienerjare was. Die bruid is as haar pa se besitting beskou, daarom moes sy vir 'n bruidsprys gekoop word. As 'n paartjie eers verloof was, is hulle as getroud beskou al het hulle nie saamgewoon nie. Enige kinders wat in die verlowingstyd verwek is, is as wettige kinders geag. As die bruidegom gesterf het, is sy verloofde as weduwee beskou.

Die huwelik is merendeels beskou as iets wat permanent en lewenslank is, hoewel een van die debatte in Jesus se tyd gegaan het oor redes vir egskeiding (Matt. 19:3). Die vrysinniger mense het gesê dat 'n man om amper enige rede van sy vrou mag skei, terwyl ander gevoel het owerspel is die enigste wettige grond vir egskeiding (net mans het die reg gehad om 'n skeisaak aanhangig te maak). Egskeiding het die huwelikskontrak tot niet gemaak en die partye is toegelaat om te hertrou. Ontrou is nie meer deur die dood gestraf nie (Joh. 8:1-6), maar 'n owerspelige vrou is deur die samelewing verstoot.

Kinders het sterk onder die gesag van hulle ouers gestaan. Die pa het die hele huishouding onderrig en is as hoof van die gesin beskou. Hy het gehoorsaamheid en eerbied van sy kinders verwag. Hy sou sy seun 'n ambag leer, nes sy vrou die dogters opgelei het om huishoudelike pligte te behartig.

Sommige mense is beter daarin as ander. Ek is self maar bitter swak daarin. My beplanning is soms skokkend. Alles word op nommer 99 gedoen. Ek kry gewoonlik wel alles gedoen, maar moenie vra hoe nie.

Monique se beplanning was egter skitterend toe sy vir die jeug 'n naweek by die Theewaterskloofdam naby Villiersdorp gereël het. Vrydagmiddag (26 Maart) het ons 18:40 vanaf die kerk vertrek – slegs 40 minute na die beplande 18:00. Nie sleg vir die VGK-jeug van Bellville nie. Ons het teen half nege by die dam opgedaag en begin tent opslaan. Dit was verstommend om te sien hoe van die dames tent opslaan. Ek sukkel myself kapabel om my tweemanstent op te slaan en hier kom Antoinette en Corrien en slaan hulle huis sommer tjop-tjop op. Wanneer kan ek kom vir lesse?

Gelukkig was die vure al aan die gang, so dit het nie te lank geduur voor ons ons vleis daar kon gaan neersit nie. Ons bobaas-braaier, Vissie, het homself weer puik van sy taak gekwyt. Dankie Vissie, jy mag maar.

Nodeloos om te sê dat die hoeveelheid slaap wat ons ingekry het, nie van aardskuddende omvang was nie. Nogtans was ons reg vir die vlotbou die volgende oggend. O ja, ek het skoon vergeet om dit vir julle te sê. Vir die wat nie geweet het nie, dit was 'n "anything that floats"-naweek. Dit beteken dat ons spanne moes inskryf en elke span moes 'n vlot bou en daarmee die water aandurf. In elk geval, ons het toe begin vlot bou. Die jongenshuis se geesdriftigheid het ons almal aangesteek. Hulle het alles daar gehad vir die groot vlotbou; tot 'n "generator" om hulle sweiswerk mee te doen. Ongelukkig het hulle patent nie te lekker gewerk nie. Ja manne, teorie en praktyk moet mekaar ontmoet om hande te kan vat.

'n Ander span se naam was "Hope Floats". Hulle was baie indrukwekkend, en het uiteindelik ook eerste die eindpunt bereik ten spyte van die vrot appels wat rondom hulle soos bomme uit die lug geval het. Die derde vlot was die mal "Space Invaders" wat hulleself versier (bevuil) het met water- en gesigverf. Daar was hier en daar nog 'n paar klein vlotjies, maar hulle het eerder die pad vir die groot menere versper as enigiets anders. Daar moes nog 'n paar ander vlotte gewees het, maar hulle het vroeg reeds die hasepad gekies.

"Titanic" het selfs gesink voordat sy te water gelaat is.

Uiteindelik het die beoordelaars, Marti en Elizma, besluit dat die jongenshuis met hulle "Drunken Flyers" (moenie bekommerd wees nie, dis net 'n naam; hulle was nie regtig dronk nie) die eerste prys verdien. Ek dink dat die meeste van ons saamgestem het met daardie beoordeling. Goed gedoen ouens! Ons wil ook dankie sê vir Marti en Elizma se eerlike en goeie beoordeling. Baie dankie ook aan Monique wat die naweek vir ons gereël het en vir Jacques (Monique se kêrel) wat ons in die water beskerm het met die teenwoordigheid van sy boot. Ons mag bo alles ons Vader dank wat vanaf die hoë hemel sy oë oor ons laat gaan en ons in alles bewaar en geseën het.

So gepraat van Jacques, ons wil vir hom baie welkom sê hier by ons en vir hom en Monique baie geluk en sterkte toewens. Vir die van julle wat nie weet nie, Jacques werk vir die FBI van Suid-Afrikaanse polisie. So as jy weet van enige staatsgrepe of smokkelbendes, kan jy met hom gaan praat.

Terwyl ek so oor Monique en Jacques praat, laat dit my dink aan die liefdes in die jeug. Ek het my oë en ore so 'n bietjie laat werk, maar hulle kon niks optel wat nuut en opwindend is nie. O, ek is seker dat daar mense is wat hard aan die werk is op hierdie front, maar dis nog maar alles onder die dekmantel. Daar's tot dusver nog niks wat aan die oppervlakte uitgekome het nie.

Ek wil dus my boodskap vir hierdie maand rig aan die bestaande liefdes. Ek het oorweeg om hulle op te noem, maar dis bietjie te veel en as ek iemand sou vergeet dan kom ek weer in die moeilikheid en ons wil natuurlik nie dit hê nie. Aan al julle ou liefdes, ons dank die Here dat Hy julle tot dusver nog vir mekaar bewaar het en mag Hy julle ook in die toekoms naby wees. Sterkte in die moeilike tye en geniet maar die mooi tye terdeë.

Intussen het ons ook twee nuwe "stagelopers" hier in die Kaap verwelkom. Christiaan en Rufus, ons hoop julle geniet julle tyd hier en dat julle ook tuis mag voel onder ons jeug. Laat ons, as jeug, ook saamwerk om hulle welkom te laat voel!

Die Olielamp

Tans beskik die jeug van Johannesburg nie oor 'n amptelike redaksie vir die *Olielamp* nie, aangesien ons eers besig is om voor ons eie deur te vee. Ons het wel 'n kontakpersoon vir die blad en het in groepe opgedeel vir artikelversorging op 'n maandelikse basis. Dit is egter wel ons toekomsvisie om weer ons amp op te neem en ons stempel af te druk op ons jeugblad as redaksie.

Ontspanningskomitee

Die ontspanningskomitee (onafhanklik van die bestuur) is verantwoordelik vir juis dit – ontspanning. Ons glo graag aan die gesegde “all work and no play...” en daarom is die komitee gemoed met die reël en aanbied van sosiale aktiwiteite om mekaar meer bloot te stel op al die terreine van ons samelewing. Ons kan tog binne enige gegewe situasie steeds baie van mekaar leer in optrede en gesprekke?

Gaste en Kommunikasie


Die eerstejaars is belas met 'n ernstige taak: die kommunikasie wat uitgaan van binne ons eie geledere na die gemeente. Hulle is onder andere verantwoordelik vir die plaas van artikels binne ons kerkblad om ook die gemeente op hoogte te hou van die kosbare juweel wat hulle aan die jeug het. Ook is daar 'n gastelys waarby die hele jeug betrokke is om jeug vanuit ander gemeentes te verwelkom, van lafenis te voorsien en net in die algemeen gasvry te wees! Dus... julle is altyd van harte welkom!



'n Tipiese voorbeeld hoe die “tjuppie” die eerstejaar kan help om uit te styg op alle terreine van die samelewing!

Ondersteuning

Hierdie stelsel staan egter net onder beproewing, in die laboratorium as julle wil. Om te verseker dat dit wél uitwerk en slaag en die gewenste reaksie ontlok, binne sowel as buite die gemeente, vra ons julle om volgehoue voorbidding vir die jeug van Johannesburg. Ons dra julle in ons gebede op, want al hoe ons kan slaag in ons doelstellings is as dit onder die seënende hand van ons Vader lê.



Rehobot

Gen 26:22 : “ Nou het die HERE vir ons ruimte gemaak”
Jeug van die Vrye Gereformeerde Kerk te Bellville

DEUR DIE SLEUTELGAT

Dit voel soos gister wat ek daar by my eerste klas vir die jaar ingestap het. Nou is die eerste kwartaal alweer verby en by die tyd wat julle hierdie *Sleutelgat* lees, is die tweede kwartaal ook weer aan die gang. 'n Ou geskiedskrywer het eendag die volgende gesê: Ons kyk altyd

vorentoe na die dood wat moet kom, maar ons moet 'n slag agtertoe kyk na daardie deeltjies van ons wat doodgaan as ons die tyd wat ons gekry het, nie reg gebruik nie. Baie waar woorde. Ons moet die tyd wat ons gekry het, gebruik.

noodwendig dat meer gesange gesing word nie. Die GKSA (Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika) het, net soos ons, geen gesange in hulle kerklike liedboek nie en hulle het tog 'n Afrikaanse agtergrond. In hierdie geval sou ek sê dat die sing van gesange meer met 'n NG Kerk-agtergrond te doen het as met 'n Afrikaner-agtergrond.

Tweedens wil ek daarop wys dat die geïmpliseerde verband tussen Nederlandse (meer spesifiek 'n Vrijgemaakt Gereformeerde) agtergrond en die nie-sing van gesange, ook nie reg is nie, want in ons Nederlandse susterkerke word al vir ten minste 'n halwe eeu gesange gesing.

Die polemie (debat) oor gesange in ons susterkerke gaan daarom ook nie oor die gesange as sodanig nie, maar oor die soort en aantal wat toelaatbaar geag

word. Dit is selfs so dat van al ons susterkerke waarmee ons officieel korrespondensie onderhou, ons VGKSA die enigste kerkverband is waar geen gesange gesing word nie.

Ons is dankbaar vir die feit dat ons lesers ons korrigeer as ons iets beweer wat nie heeltemal waar is nie. Op hierdie manier is ons mekaar tot 'n hand en 'n voet in die gemeenskap van die heiliges. Verder is dit belangrik om die aandag te vestig op die laaste paragraaf wat hierbo genoem is. Die debat handel nie oor die gesange as sodanig nie, maar oor die soort en aantal wat toelaatbaar geag word.

Enige verdere reaksies en kommentaar is nog steeds welkom.

Groete!

Pretoria redaksie

Johannesburg

WAT IS DIT NOU... DIÉ “NUWE BESTUURSTELSEL”?!

Die bestuur van Johannesburg

Die jeug van die VGK te Johannesburg (Roodepoort) het oorgeskakel na 'n nuwe bestuurstelsel om die probleme van die verlede te minimaliseer (of heeltemal uit te skakel) en saam die toekoms as 'n ondersteuningsnetwerk binne te gaan

Verlede vs. Hede

Tans bestaan die JV “Sola Fide” uit 22 lede (ja, jy het reg gelees!). In die verlede was die JV se samekomste baie informeel, juis vanweë die aansienlike klein ledetal. Hierdie informele samekomste het gelei tot allehande probleme wat nou deur die nuwe stelsel aangespreek word. Die nuwe stelsel het as grootste prioriteit om die kommunikasiegapings van die verlede uit te skakel: kommunikasie met mekaar, met die gemeente, die kerkraad en die jeug van die ander gemeentes. Die JV sien hulself in hierdie hele proses as 'n middel tot 'n doel en nie as die begin-als-en-eind-als nie.

Hierdie nuwe stelsel neem nie die lid se verantwoordelikheid van hom/haar weg nie. Intendeel, die stelsel poog eerder daarna om via die bestuur elke lid te bemagtig om JV so aangenaam as moontlik te maak.

Elke eerstejaar het vir hom-/haarself 'n *tjuppie* (senior lid) gekies wat hom/haar behulpsaam kan wees – binne en buite die verenigingslewe. Om so 'n stelsel te laat werk, is kommunikasie natuurlik van kardinale belang. Wie gaan nou 'n openhartig gesprek met iemand anders aanknoop as jy die ander persoon skaars ken of die moontlikheid van 'n misverstand sterk teenwoordig is?

Om te sorg dat daar geen misverstande in die jeug is nie, het ons 'n *sensuur van interna* ingestel. 'n Geleentheid om dinge wat krap, dinge wat vlot, en hoe dit moontlik kan verbeter, openlik te stel. Dit funksioneer onafhanklik van die bestuur en word twee maandeliks of op aanvraag van enige lid gehou. Tot dusver het dit baie positiewe resultate gehad. Almal kon dit wat pla van hulle “chest” afkry.

Die bestuur is dus definitief nie die “hoof van die huis” nie – hulle is meer die “administratiewe klerke” wat sorg dat die verskeidenheid aktiwiteite wat die jeug aanbied vlot verloop en om “hickups” te identifiseer en aan te spreek... via die jeug! (Erg demokraties!)

beskikbaar vir Jeugvereniging -aktiwiteite. Die Jeugvereniging het geen diepgang meer nie. Waar lê ons verantwoordelikheid nou eintlik? Moet ons nie juis ons deel bydra en ons kennis en ervarings deel met mekaar en van mekaar leer nie? Is dit nie genoeg rede vir voorstudie doen nie?

As ons gemotiveerd is vir die verenigingswerk, neem

‘n mens verantwoordelikheid vir die gang van sake en is ‘n mens betrokke by die Jeugvereniging. Aan die anderkant: As elkeen betrokke voel by die aktiwiteite, is almal bereid om verantwoordelikheid te aanvaar en dan raak jy gemotiveerd vir Jeugvereniging. Wat is dit wat ek dan kan bydra tot die oplossing?

Wie is dan nou eintlik Koning?

HOE HANTEER EK KRITIEK?

Almal van ons kan leer van kritici, want niemand van ons is volmaak of besit die kennis van ‘n ensiklopedie nie. Daar is altyd persone wat van bepaalde dinge in die lewe beter op hoogte is as onself.

‘n Beroemde kunstenaar het eendag ‘n skildery gevef waarop hy baie trots was. Maar toe ‘n skoenmaker eendag daar verbyloop, merk hy op dat die een skoen nie reg gevef was nie. Die kunstenaar het baie kwaad geword en sê op ‘n veragtelike manier: ‘Wat weet jy nou van skilderkuns?’ Maar hy het vergeet dat die skoenmaker meer verstand van skoene het as hyself.

Ons almal ken mense wat bereid is om te luister, solank as wat hulle net gevef en gekomplimenteer word, maar sodra daar ‘n woord van kritiek gerep word, voel hulle beledig en gekrenk. Elkeen wat iets durf sê oor sy manier van doen, word direk as ‘n vyand beskou.

Dis moeilik om met sulke persone vriende te bly, want niemand hou van ‘n vriend wat altyd net die goeie wil hoor nie. Sulke mense beskou elke kritiese opmerking as ‘n aanval op hulle persoonlikheid, waarop dan ‘n teenaanval moet volg. Hulle dink hulle is te goed vir kritiek en neem ‘n houding van selfvoldaanheid aan. Tog beroof hulle hulself van een

van die beste middels tot geestelike groei en vooruitgang. Hulle wil niks meer leer nie. Veel eerder lewe hulle voort met hul foute, as wat hulle die vernedering sou ondergaan dat iemand anders hul op die foute wys. Daarom maak hulle hul ore toe en skakel net af sodra jy begin kritiek lewer.

Natuurlik maak dit seer om kritiek te kry. Maar dis beter om die seerkry te laat meewerk om een van jou foute af te leer, as dat dit gevoelens van wrok en bitterheid in jou hart sal agterlaat. Kyk eerlik na kritiek. Probeer agterkom of dit met goeie of slegte bedoelings gemaak is. As die kritiek slegs iets op jou aanmerk, om diegene wat dit lewer se eie foute te bedek, neem dit dan lig op en lê dit langs jou neer. Vra jousef eers af: “Is dit waar? Maak ek werklik die fout, waarop sy my wys?” Almal van ons is min of meer partydig as dit kom by selfbeoordeling. En glo my, dis moeilik om jousef objektief te beoordeel. Dit is deel van ons mens-wees, dat ons kritiek moeilik aanvaar. Dis egter nie meer as menslik, dat ons nie in alle dinge goed doen nie. Daarom is dit nie ontorend, as ons kritiek kry nie.

Moenie te trots wees om goeie en opbouende kritiek te aanvaar nie!

Reaksie

GESANGE SING

Reaksie op “Gesange sing” in die vorige uitgawe van die Olielamp.

Ons wil graag ‘n korreksie maak op die volgende paragraaf wat in die *“versoek vir reaksies”* in die vorige uitgawe verskyn het: *“Ook moet ‘n mens onthou dat die VGK te Bethal se agtergrond en oorsprong Afrikaans is (waar die gesange meer gesing word), en die grootste gedeelte van die gemeentes te Kaapstad, Johannesburg, Pretoria en Maranatha se agtergrond en geskiedenis is meer Nederlands.”*

Een van ons ouer lesers maak tereg die volgende opmerking:

Die beskrywing van die agtergronde (van die kerke) is natuurlik wel korrek maar die *koppeling* van die agtergronde met die *wel of nie sing van gesange* lyk vir my beslis nie korrek nie.

Eerstens beteken ‘n Afrikaanse agtergrond nie

belange van ons Here en sy Koninkryk.

Talente en die Heilige Gees

Talente is gawes van die Heilige Gees. Elkeen kry in Christus 'n taak by die werk, huis, gemeenskap van die heiliges ens. (Rom. 12:3-8). Almal kry nie dieselfde taak (en talente) en verantwoordelikheid nie. Niemand staan met leë hande en niemand word oorlaai nie. Hoe moet ons met die Heilige Gees, ook veral i.v.m. talente, werk? Dit het baie te doen met die omgang met God. As die Bybel sê dat die grootste gebod is om God met ons hele hart, hele siel en al ons verstand lief te hê, beteken dit dan dat die grootste ruimte in ons lewe vir God ingeruim is. En dit is 'n **lewensstyl** (Joh. 6:27).

Jesus bemoedig ons ook hier wanneer Hy sê ons werke sal nie tevergeefs wees nie (1 Kor. 15:58) en ons sal 'n plek gegee word in die ewige lewe as ons

vir sy koninkryk besig is.

Tergelykertyd waarsku Hy ons, want die gevolge is verskriklik as jy moet sê: Ek het U gawes opgepas en vir die res niks daarmee gedoen nie! Wie te lui is om vir Christus te werk in diens van sy koninkryk, sal nie daarin kom nie. En aan die anderkant sal van die wat

met baie toevertrou is, ook meer gevra word (Luk. 12:48). En verder sal Hy immers almal vergeld na sy werke (Matt. 25:31-46). Sjou, wat 'n

verantwoordelikheid. Gelukkig het ons die Heilige Gees gekry om ons te help en te bemoedig.

Laat ons nou elke dag besig wees met God se belange en sy koninkryk en met die Gees werk sodat ons 'n sout vir die aarde, 'n lig vir die wêreld en die geur van Christus kan wees. In daardie opsig gaan ons dan ook op 'n Christelike wyse met ons talente om en benut dit.

Aan die einde van die dag is God net geïntreseed in een ding en dit is hoeveel Hy van sy hart in ons terug vind. God se verlange is om kinders te hê na sy beeld, wat ook sy beeld uitstraal.

EK, DIE KONING VAN DIE JEUG!

Idelet Kuyvenhoven

Is ek betrokke by Jeugvereniging?

Dit is nie slegs van toepassing op Jeugsentrale-lede nie. Dit is vir jou en my. Ons is 'n klomp individue op Jeugvereniging. Elke ou doen sy eie ding. Jy het jou mening en ek myne. Ons kan mekaar opbou of afbreek. Baie keer is my eer en ego belangriker as joune. Ons praat nie regtig met mekaar nie. Vereniging: dit is net 'n tydjie vir skinderpraatjies, of iets wat ek net moet afhandel en net 'n paar regte antwoorde aframmel. Is dit nie so nie? Leef ons in Jeugvereniging werklik die gemeenskap van die Heiliges uit?

Bring ek my kant? Praat ek werklik oor dit wat saak maak? Lewe ek hier my Christenskap ten volle uit? Kry ek hier my pitkos vir my geveg teen die satan? Laat ek alles aan die sogenaamde ander oor wat altyd alles doen? Wanneer doen ek iets? Is ons nie veronderstel om saam te staan nie?

Drie komponente is belangrik om 'n Jeugvereniging goed te laat funksioneer:

1. Betrokkenheid,
2. Motivering en
3. Verantwoordelikheid van elke afsonderlike individu.

1. Betrokkenheid: Net ek en jy kan die dinge verbeter en verander deur by onself te begin. Deur jou betrokkenheid kan jy jou volle Christenskap uitleef en somer terselfdertyd kan jy die lewe vir jouself 'n fees maak. Jou inset is goud werd en 'n bousteen in ons almal se geloof.
2. Motivering is nie so eenvoudige nie. Daar is hope dinge wat 'n rol speel: Wie is my vriende? Hoe geïnteresseerd is ek en wat moet my prioriteite wees? Of is dinge van die Here Jesus, ons Koning, nie vir my as jongeling belangrik genoeg nie? Is ek my eie koning? Ons verskillende belangstellings mag ook nie 'n struikelblok wees nie, eerder 'n bousteen. Motivering begin by die basis: besef dat jy glo en dat jy 'n kind van God is en dat dit die belangrikste in jou lewe is. As ons dit eerste stel, kan jy jou hele lewe daarop bou.
3. Verantwoordelikheid: Van al hoe meer lede hoor ek dat hulle nie die nut van JV insien nie. Is dit ook aan jou bekend? Al hoe minder lede sluit aan en al hoe meer lede raak net weg want hulle is net nie meer lus nie. Of het hulle die Jeugvereniging ontgroeï? Die oorsaak is dat jy dit nie meer geniet nie en nie meer lekker ervarings het nie. Ons raak al hoe minder

Ek het die vrymoedigheid om 'n bier of selfs twee by geleentheid te drink, sonder dat my gewete my sou aankla. Maar ek moet oppas dat my vryheid om drank te gebruik, nie 'n struikelblok word vir die wat my dit sien doen nie. Ek sal dus nie 'n bier saam met die wêreld drink nie, want iemand kan dalk dink dat ek een van hulle is. Ek sal nie voor die jonger jeug drink nie, want ek kan dalk 'n swak voorbeeld stel. Ek sal ook nie vanjaar kongres toe gaan as daar drank verkoop gaan word nie, want ek wil nie met mense saamgereken word wat ons kerk belaglik maak in die oë van buitestaanders soos François en Leon nie. As dit beteken dat ek ter wille van my getuienis nooit weer my skoon dop Vodka of glas droë rooiwijn (wat ek so af en toe geniet om te drink) oor die lippe gaan neem nie, sal ek geen oomblik daarvoor spyt wees nie.

Lees gerus ook 1 Korinthiërs 9:20-23

Het jy vers 22 gelees: "...vir die swakkes het ek soos 'n swakke geword om die swakkes te win; vir almal het ek alles geword om in alle geval sommige te red." In teenstelling met die hoogmoedige Korinthiërs wat in hul Christelike vryheid geen ag op die swak broeders geslaan het nie, ontsê Paulus

homself alles om soveel moontlik mense met die evangelie te bereik.

Wat beteken dit vir my as ek wil evangeliseer en getuig voor mense wat 'n worsteling met drank het? Dat ek van my vryheid om drank te gebruik sal afsien, en sal word soos een wat worstel met drank. Dit beteken dat ek nie drank sal drink, praat, proe of sien nie, want dit is hoe iemand wat daarmee worstel dit oorwin: hy kom gewoon nooit meer daar naby nie. My liewe broer en suster in Christus, voor ons as kerkjeug nie 'n nuwe getuienis ten opsigte van drank gee nie, sal ons nooit aan die vodde-gesuipte jeug van ons land kan evangeliseer en hulle aan die vrymakende genade in Christus kan bekendstel nie.

Nie almal was so "dapper" soos jy om hierdie artikel deur te lees nie. Sal jy dan asseblief ook met die ander jeug oor hierdie dinge gesels? Vat die artikel saam na die koffiedrinke en vereniging en lok gesprekke daarvoor uit. Maar die belangrikste van alles: Bid vir die kongres en die mense wat dit reël. Sodat dit iets sal wees waaroor ons met trots kan getuig.

Voel jy ook so?

TALENTE

Jaco Haak

Toe ek hierdie onderwerp kry, het die gelykenis van die talente (Matt. 25:14-30) eerste in my gedagtes op gekom. In die gelykenis kry die knegte 'n opdrag om met hul baas se besit handel te dryf totdat hy terugkom. (Vgl. Luk. 19:13) Al die knegte kry groot bedrae onder hul beheer. (Vir een talent moes 'n dagloner 20 jaar werk!)

Die man – sakeman, grondeienaar of koning – belê kapitaal in sy knegte en moet, duidelik, baie vertroue in hulle hê. Die heer weet ook tot wat sy knegte in staat is en elkeen kry na sy **bekwaamheid**.

Die opdrag is dan ook nie bo hulle vermoë nie. Twee van die knegte werk daarmee en verdubbel wat hulle gekry het, terwyl die ander een sy deel letterlik begrawe...

Die heer kom na 'n lang tyd terug en eis rekenskap (Matt. 18:23).

Die twee wat 'n wins gemaak het gaan in na die fees van hul heer en word beloon.

Die lui knegte beskuldig die heer daarvan dat hy

onredelik is en die onmoontlike vra en sluit dan af om klem daarop te lê hoe mooi hy sy heer se geld opgepas het!

Daarop reageer die heer deur te sê dat die wat meen hy iets het, dit ook sal verloor en die wat iets het, meer sal kry. Die knegte word buite die Koninkryk (die buitenste duisternis) gegooi waar hy pyn en leiding verduur (Matt. 13:42).

Waaroor gaan dit?

Die meeste mense se verklaring vir hierdie gedeelte is dat ons as Christene maar net so goed as moontlik besig moet wees met ons talente. Maar heidene kan dit ook doen!

Aan die einde van die dag is God net geïntresseerd in een ding en dit is hoeveel Hy van sy **hart** in ons terugvind. God se verlange is om kinders te hê na sy beeld, wat ook sy beeld uitstraal.

Dit gaan nie daarvoor dat ons ons eie talente (bv. goed kitaar speel) moet ontwikkel nie, maar dat ons die talente van 'n Ander gebruik. Ons is nie besig met ons eie loopbaan nie. Ons moet besig wees met die

kongres werklik erns met Christus gemaak word? Sou ek hulle met vrymoedigheid na volgende Sondag se ere diens kon nooi? Sou ek die VGK aan hulle kon voorhou as 'n beter alternatief in 'n land waar dwaalleer en gelykwording met die wêreld hoogty vier? Beslis nie! Ek het my doodgeskaam vir die VGK en dat ek 'n lid daarvan is. My geleentheid vir evangelisasie in my koshuis is saam met ons jeug se getuienis in die drein af.

Toe ds Nel en die gemeente van Bethal hulle van die NG Kerk losgemaak het, en by 'n ander kerkverband wou aansluit, was die VGK as die enigste werklik aanvaarbare opsie beskou. My liewe broer en suster in Christus, as die enigste werklik aanvaarbare opsie in Suid-Afrika se getuienis (want die jeug is ook 'n getuigskrif vir dié wat hulle opgevoed het) uitgelag en met byvoeglike naamwoorde soos "absurd" beskryf word, hoe donker lyk die prentjie vir die ware kerk van alle eeue in Suid-Afrika nie! Vandaar die opskrif: "Spieëltjie, spieëltjie aan die wand, waar's 'n Christen in hierdie land?"

Daar is natuurlik ook ouens in my koshuis wat geen probleem met drank op 'n kerkkamp het nie. Onder hulle tel 'n amperse alkoholis, 'n voorstaander van die reïnkarnasie teorie en twee ouens wat seker Kersfees laas in 'n kerk was. Sal ek hulle na vanjaar se kongres toe nooi?

Miskien dink jy ek gaan te ver. Ons gebruik ons drank darem verantwoordelik, man! Ons kontroleer mos die bierverkope! Gaan ons nie juis 'n beter getuienis kan lewer as ons wys dat ons drank verantwoordelik kan gebruik nie?

Hier's 'n paar dinge wat jy dalk in gedagte kan hou:

- As iets gekontroleer moet word, word geïmpliseer dat dit sal hand uitruk as daar geen kontrole is nie. Alle geleentheid om te bewys dat ons drank verantwoordelik op kongres kan gebruik, is ons dus reeds ontnem.
- Die wêreld glo dat 'n mens jouself nie kan geniet sonder drank nie. As ons bier saamvat op kongres, bevestig ons hierdie wanopvatting.
- Die wêreld vra nie of jy een bier of 'n kas bier gedrink het nie. Ek het dit al soveel keer in die koshuis gesien. Solank jy maar net 'n bierblik vashou en saam lag; solank jy maar net soos die wêreld lyk (jy kan die bier maar in die blombak uitgooi as niemand kyk nie!) is die wêreld heel gelukkig met jou. Maar wee jou as jy nie saam wil lag en nie die bier wat hulle jou in die hand stop wil vashou nie....
- 'n Meisie in ons kerk het my eenmaal vertel dat sy haar heel eerste bier op kongres gedrink het, en dat die persoon wat haar dit in die hand gestop het, gesê het as sy nie een drink nie, was sy nie

rêrig op kongres nie. Die meisie wou nooit voorheen bier gedrink het nie, en het ook nooit weer daarna nie. Net dié een het sy maar afgewurg. Klink nogal soos dit wat die wêreld met jou sou doen, nè?

- Moenie dink dat jy die wêreld gaan beïndruk as jy op kongres na die tweede bier stop nie. Die wêreld weet ook om matig te drink in fatsoenlike geselskap. Enige van die groot drinkers wat ek ken, sou ook vir 'n week sy 2-3 biere 'n dag kan los as die dominee af en toe 'n draai kom maak.
- Dit is onwettig om drank aan persone jonger as 18 te verkoop. Gaan ons ons aan die owerheid afvee en drank aan die jeug jonger as 18 verkoop? En as die jeug jonger as 18 dan nie drank mag koop en dus ook nie mag gebruik nie, behoort die ouer jeug nie uit bedagsaamheid en ter wille van 'n goeie voorbeeld te besluit om ook geen drank op kongres te gebruik nie?
- Die algemene opvatting daar buite is dat jongmense wat erns maak met die HERE wegbly van drank af. Drank op 'n kerkkamp of kongres is dus ondenkbaar in hierdie mense se oë. Geen kerk wat haar getuienis en evangelisasiewerk ernstig opneem kan so iets toelaat nie. Ons is met ons bierverkope op die kongres die grap van die Christelike gemeenskap in Suid-Afrika.
- As jy nog twyfel oor die negatiewe beeld wat drank die kongres gee: VGK Pretoria se JS is die een kampterrein na die ander vir vanjaar se kongres geweier, sodra hulle noem dat drank saamgebring gaan word.

Miskien dink jy ek is nou heeltemal te negatief en te swartgallig? Daar is immers ook baie positiewe getuienis oor die kongres. Moet 'n mens nie eerder op die positiewe fokus en die negatiewe langsamerhand regstel nie?

Natuurlik is daar baie mooi dinge wat van die kongres gesê kan word, maar ons weet ook dat 'n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak. Jy kan skoon deeg bysit soos jy wil, die suurdeeg maak dit altyd weer suur. Voor ons nie die suurdeeg verwyder nie, sal ons geen ongesuurde brood hê om die wêreld te bied nie. As iemand jou 'n mooi rooi appel gee, maar waarsku dat daar iewers 'n wurmpie in sit, gaan jy met vertrou 'n groot hap uit die appel vat? Sal jy nie eerder eers die wurmpie wil uithaal nie?

Probeer ek dit 'n sonde te maak om bier te drink? Hoegenaamd nie! *Verantwoordelike* drankgebruik is alles behalwe sonde, solank ek my gebruik daarvan aanpas by hoe my medemens dit moontlik kan vertolk.

Lees gerus eers 1 Korinthiërs 8:1-13.

HOE STAAN JY TEENOOR JOU DOMINEE ?

Wolter Miske

Hoe staan ons vandag teenoor ons dominee? Is dit iemand wat ons elke Sondag op die preekstoel sien, en as jy nog katekisasie het, ook nog een keer deur die week, en verder niks mee te doen wil hê nie? Of sien jy hom as iemand wat leiding in die kerk moet gee, na wie jy kan gaan as jy sekere vrae het? Dit hang ook maar baie keer af van die dominee se persoonlikheid wat 'n rol speel in wat ons van hom dink, of watter houding ons teenoor hom wil in neem. Dit mag natuurlik nie van deurslaggewende belang wees nie, omdat ons eie gevoel nie in die eerste plek is waaroor dit gaan nie.

Laat ons eers gaan kyk watter taak hy opgelê is. Hy het as eerste taak gekry om bedienaar van die Woord te wees, om die Woord suiwer en reg te verkondig en uit te lê aan die skape van Christus wat Hy hom gegee het. In 2 Timotheüs 4:2 gee Paulus aan Timotheüs opdrag om die Woord van God te verkondig, tydig en ontydig, daarmee dwaalleer te weerlê, daarmee te bestraf en te vermaan in alle lankmoedigheid en lering.

Hy het tweedens ook die taak gekry om die twee sakramente, die doop en die nagmaal te bedien. Hy moet die verbondskinders onderrig gee in die leer van

die Woord. Hy het saam met die ouderlinge die taak gekry om toesig te hou oor die gemeente en sorg te dra dat die tug uitgeoefen word. In artikel 16 van die kerkorde en in die bevestigingsformulier word die taak van die bedienaar van die Woord mooi uiteengesit.

Noudat ons gesien het watter taak die dominee in sy gemeente het, sien ons duidelik dat hy onder ons werksaam moet wees. Daarom moet ons ook van ons kant af dit vir hom moontlik maak om onder ons sy taak te kan verrig. Ons moet nie 'n afstandelike houding in neem of op 'n afstnad gaan staan nie, maar deel wees van Christus se gemeente. Ons dominee is nie bo ons gestel nie, maar hy het net 'n spesiale opdrag gekry. Soos in 1 Korinthiërs 12 vanaf vers 12 staan dat ons almal lede is van een liggaam maar dat elkeen sy eie funksie gekry het om te doen, en die een nie hoër geag word as die ander nie. Ook 'n dominee het sy foute en gebreke, daarom moet ons nie vergeet om hulle ook in ons gebede op te dra nie, en vra dat hy sy werk met vrymoedigheid kan doen, en ook 'n voorbeeld sal kan wees vir die res van Christus se kudde.

SPIEËLTJIE, SPIEËLTJIE AAN DIE WAND, WAAR'S 'N CHRISTEN IN HIERDIE LAND?

Kongres en getuienis: die drankwessie

Jaco de Wet

Ek het 'n paar ouens in my koshuis gevra wat hulle sou dink van 'n kerkkamp waar drank verkoop word. Dit was hulle reaksies:

- François: (lag lekker) Hulle gaan seker met verkeerde bedoelings Het dit regtig gebeur?
- Leon: (kyk my verdwaas aan) Dis absurd Was dit nou weer iets wat die NG-Kerk aangevang het?
- Douw: ('n lang stilte) Weet die dominee daarvan? Ek dink wat enigiemand anders sou dink: dit hoort nie daar nie, Wat se kerk was dit?Jou kerk! Oe, charismate hier kom ons!
- Gys: (baie lang stilte) Dis verkeerd Drank en kerkkamp gaan nie saam nie (begin lag). Dis die beste een wat ek nog gehoor het Waar kom jy vandaan?
- André: Ek dink julle is verskriklik mal!
- Karel: (lyk bietjie geskok) Liewe suster! Kyk,

ek dink nie veel daarvan nie Wanneer het dit gebeur?

Ek het die vraag toevallig ook aan ons huismoeder gestel. Toe ek uit haar kantoor stap, het sy nog steeds gesit en lag....

In die Februarie 1998 se Kompas was daar 'n artikel "Jeugkongres 1997" deur Marieke de Wit. Oor hierdie onderwerp is kortliks die volgende geskryf:

- Johannesburg het as organiseerders besluit dat daar geen drank verkoop sal word nie.
- Die jeug was ontevrede met hierdie reëling. Debat en 'n skriftelike stemming het gevolg.
- Die meerderheid was ten gunste van gekontroleerde bierverkope.

Wat dink jy sou François en Leon-hulle se reaksie hierop wees? Sou ek hulle kon oortuig dat daar op die

Bybel. Gevare in jou studierigting sal daar altyd wees. Dit is deel van ons alledaagse stryd teen die sonde.

Wie kan sê dat klank van 'n musiekinstrument sleg is of die samevoeging van kleure om 'n skildery te skep is verkeerd? Dit gaan nie oor KUNS wat goed of sleg is nie, maar HOE en WAARVOOR dit gebruik word. Daar is 'n verskil tussen 'n foto wat die seksuele uitlok en 'n skildery wat die natuur uitbeeld. Albei is kuns, maar daar is verskillende funksies by elkeen betrokke. Die DOEL van die kunswerk maak dit goed of sleg.

Maak dit 'n ouerhart dan nie so bly as hul kind 'n spesiale prentjie vir hulle geteken het nie? Christen in die kunste is niks mee verkeerd nie, dit is mooi en 'n Godgegewe gawe. Ons moet die gawe tot ere van God gebruik.

As jy 'n talent het, moenie dit weggooi nie. Gebruik en ontwikkel dit. In jou vrye tyd of as beroep, MAAR doen dit tot ere van God.

"Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen ALLES tot EER van God" - 1 Kor. 10:31.

HEIDELBERGSE KATEGISMUS

Hilde Ros

Die Heidelbergse Kategismus het in Duitsland ontstaan in die sestende eeu. Daar was 'n stryd tussen die Lutherse en Calviniste oor die sakrament van die heilige nagmaal.

Frederik III, 'n keurvors in Duitsland, Paltz, was bekommerd dat die mense so baie stry oor die leer, dat hulle die jeug vergeet. Hy het toe 'n kommissie benoem om 'n kategismus, of 'n leerboekie, vir die jeug op te stel. Zacharias Ursinus, 'n hoogleraar aan die Heidelbergse Universiteit en Caspar Olevianus, die hofprediker van die keurvors, is as die belangrikste opstellers benoem.

In die jaar 1562 is hierdie kategismus goedgekeur op die sinode te Heidelberg as leerboekie vir die Gereformeerde kerke. Dit is ook waar sy naam vandaan kom, die Heidelbergse Kategismus.

Op verskeie geleenthede tydens verskillende sinodes is hierdie kategismus aanbeveel (by Dordrecht in 1574 en 1578, Middelburg in 1581, Den Haag in 1586). In 1618/1619 is die kategismus weer deeglik in Dordrecht ondersoek of dit wel volgens God se Woord is. Dit is onveranderd aanvaar. Ons sien dus dat daar groot erns van die saak gemaak is. Van uit hierdie kategismus kan ons die Bybel beter verstaan.

Oorspronklik was dit 'n Duitse leerboekie. Hoe het dit 'n Nederlandse een geword? In 1563 het ds Petrus Dathenus, 'n predikant van Gent, die kategismus in Nederlands vertaal en ds Peter Gebriel was die eerste een om daaruit 'n kategismus preek te hou. Wie egter die leerboekie vanuit Nederlands na Afrikaans vertaal het, is ongelukkig onbekend.

Vandag nog word in ons gemeentes een maal elke

Sondag gepreek vanuit die Heidelbergse Kategismus. Aanvanklik was daar een preek op 'n Sondag en dan een katkisasie klas vir die hele gemeente vanuit die Heidelbergse Kategismus, omdat die mense agtergekom het dat hulle Bybelkennis beroerd was. Later het dit 'n tweede preek op 'n Sondag geword.

Die kategismus is in 52 Sondae ingedeel: een vir elke week in 'n jaar. In 'n jaar kan die dominee dus die hele kategismus behandel. Ons doen dit om praktiese redes 'n bietjie anders. In sekere vakansietye behandel ons glad nie 'n Sondagafdeling nie, omdat sommige gemeentelede elke jaar op dieselfde tyd met vakansie gaan met die gevolg dat hulle dan dus nooit 'n preek oor 'n spesifieke Sondag sou hoor nie.

Wanneer die kategismus heeltemal deurgewerk is, begin die dominees weer van voor af, want hulle besef hoe goed dit is om hierdie boodskap dikwels te hoor. Die jeug kry vanaf graad sewe tot omtrent een of twee jaar na skool katkisasie klasse. Daar word die kategismus baie deeglik met die kinders in God se verbond bespreek en behandel, sodat reeds vroeg 'n goeie idee en kennis van God se Woord verkry word.

Die kategismus laat ons die volle rykdom van God se Woord sien, veral ook in die groter verband sodat, wat op verskillende plekke in die Bybel geskryf staan oor een belangrike onderwerp, saamgevat word. Tegelykertyd toon die dominee deur die kategismusprek dat 'n Sondag nog steeds die beaming van God se Woord is.

Hoe duidelik is dit dan weer hoe geseënd ons is om so 'n handige hulpmiddel by die lees van die Bybel te hê.

Uit: *Kleine Kerkgesiedenis II*, W Meijer

Die verbond word vergelyk met 'n huwelik tussen die Here en die – nou volwasse – meisie. Sy word getooi met die fynste klere en blinkende sierade.

Maar... sy word haar man afvallig. Sy hoereer rond en gebruik haar geskenke om afgodsbeelde mee te smee (net soos die volk Israel gedoen het met die goue kalf). Sy offer selfs die kinders wat sy by God gekry het aan die afgode en sluit huwelike met ander, goddelose, volke.

Dit is ongelooflik dat hierdie meisie, wat haar lewe aan God te danke het, Hom op so 'n manier die rug toe keer. Al wat haar nog kan red, is as God haar genadig is. En Hy is! Aan die einde van Eségiël 16 sê die Here : “Ewenwel sal Ek dink aan my verbond met jou in die dae van jou jeug, en Ek sal met jou 'n ewige verbond oprig... sodat jy kan nadink en beskaamd staan... as Ek vir jou versoening sal bewerk oor alles wat jy gedoen het, spreek die Here HERE (vs.60 + 63).

En dit het gebeur. Daar is nou ewige versoening met God, deurdat die Here Jesus vir ons straf betaal het. Ons was daar maar ewe sleg aan toe as hierdie meisie. Ja, met die sondeval het ons God die rug toegekeer.

Tog is God, uit sy ondeurgrondelike liefde ons genadig gewees. Hy het ons tot sy kinders aangeneem. Gereeld maak ons die Here seer met ons ondankbare sondes. Kan 'n mens byvoorbeeld aan ons sien dat ons 'n ereposisie by God het? Gebruik ons nie nog te gereeld ons gawes in diens van die wêreld soos om ons geld te spandeer aan uit-en-uit goddelose vermaak nie? Of ons verstandelike gawes slegs te gebruik in 'n studierigting, waarmee jy later baie geld kan verdien, sonder om te dink of die studie iets vir jou naaste kan beteken of tot Gods eer sal wees? Maar bowenal straal dit van ons af dat ons bly is om bruid van Christus te mag wees? Dit is baie moeilik.

Ook hierin moet ons ons hulp by God soek. Hy is ons so genadig dat Hy ons daarmee sal help. Want sy verbond is vir ewig en ons word telkens weer tot Hom teruggetrek. Daar waar ons veilig is en nie bang hoef te wees dat die duiwel ons daar weg sal trek nie. Maar sonder Hom sal ons weer verval in die sorglike toestand van 'n verworpe babatjie.

Oppad

CHRISTEN IN DIE KUNSTE


Geerarda van der Vinne

Die kunste is so wyd, dat dit moeilik is om die kunste te definieer. Wat wel belangrik is, is dat kunstenaars persone is met 'n gawe. Die persone het sensitiviteit, kreatiwiteit en die vermoë om verbale of visuele vorm te gee aan hul verbinding. Kuns strek van 'n gedig of lied tot 'n skildery teen 'n muur.

Kuns is 'n gawe en alle gawes kom van God. Soos Calvyn geskryf het: “*For the invention of the arts, and other things which serve the common use and convenience of life, is a gift of God by no means to be despised, and a faculty worthy of commendation.*” Die gawe, soos alle gawes, word aan ons gegee om God te eer.

Maar die talent word nie net gegee nie. Die persoon wat wysheid ontvang het, moet ook eers die alfabet leer. So moet kuns ook geleer en geoefen word. Mag

'n Christen dan in die kunste leer? Baie mense voel dat die kunste, watter vorm dan ook, gevaarlik is vir 'n Christen. Dit lei jou in versoekings en dit is beter om daarvan weg te bly. MAAR my vraag is dan: As jy die gawe ontvang het, is dit dan nie jou opdrag om daaraan te werk en dit tot ere van God te gebruik nie?



Studies in die kunste is gevaarlik, maar in watter vakgebied is daar geen gevare nie? In dié rigting leer jy die evolusie en in daardie een menseregte. Maar dit beteken nie dat jy daarin moet glo nie. Daar moet vanuit 'n Christelike oogpunt daarna gekyk word.

Die Bybel leer ons hoe om te leef. Die Bybel gee ons die riglyne om reg te leef. Begin met die Bybel. Dit is en bly altyd die primêre “leerarea” in ons lewe. As jy kunste studeer, dan is dit onderhewig aan die

onder – opgevaar het na die hemel?- Christus is voor die oë van die dissipels van die aarde af na die hemel opgeneem, en Hy is vir ons daar ten goede totdat Hy weerkom om oor die lewendes en die dooies te oordeel.)

Op watter wyse is Christus vir ons ten goede in die hemel? (HK vraag en antwoord 49: *Watter nut het die hemelvaart van Christus vir ons? – Ten eerste dat Hy in die hemel ons Voorspraak by die Vader is. Ten tweede dat ons menslike natuur (Christus as ‘n mens soos ons) in die hemel as ‘n betroubare waarborg het dat Hy as die Hoof ook ons, sy lede, na Hom toe sal neem. Ten derde dat Hy sy Gees as waarborg na ons toe stuur, deur wie se krag ons soek wat daar bo is, waar Christus aan die regterhand van God sit, en nie wat op die aarde is nie.*).

Christus tree by die Vader vir ons as Voorspraak in. Ons is in baie opsigte nog ongehoorsame, onbruikbare kinders. Maar Christus bedek ons sondes en tekortkomings en vra vir ons vergewing. Christus is die lewende bewys en waarborg dat ondanks ons sondeval, ook vir ons weer ‘n plek in die hemel wag. Christus is die eerste Kind wat tuisgekom het, Vader wag ook nou vir ons. Christus is die Eersteling van die vrugte van God se akker, en dus die waarborg dat die skuur nog altyd wag vir die oes, ook uit ons lewe. Christus stuur die Heilige Gees na ons vanuit die hemel. Hy het ons hier op aarde agtergelaat. Ons moet nou in Vader se besigheid gaan werk soos God dit in die Paradys bedoel het. Ons moet nou weer die vrugte begin voortbring wat God nog altyd gesoek het. Ons kry dit op ons eie nooit reg nie. Maar Christus se Heilige Gees maak ook van ons weer gehoorsame kinders wat

ons, by ons werk op aarde, weer deur die hemel laat beheers. Die Heilige Gees laat ook in ons weer vrugte van dankbaarheid vir God groei.

Luther het geleer dat Christus, omdat Hy God en mens is, na sy opstanding uit die dood ‘n menslike liggaam met goddelike eienskappe gekry het en daarom nou oral aanwesig kan wees. Soos yster wat in die vuur gehou word, self ook vurig begin gloei en dinge aan die brand kan steek, op dieselfde wyse sou Christus se liggaam deur die kontak met die goddelikheid vergoddelik wees. Daarom het Luther, net soos die Roomse Kerk, geglo dat Christus by die nagmaal regtig liggaamlik in die kerk neerdaal en aanwesig is in die brood en die wyn. As Luther se gedagte reg sou wees, sou ons Here nie meer ‘n egte mens soos ons wees nie, en dus ook nie ons Middelaar by God kan wees nie. Christus is liggaamlik in die hemel. En wanneer ons die nagmaal vier, kom Hy nie regtig met sy menslike liggaam in die kerk nie. Maar omdat Hy God is, omdat Hy een is met die Heilige Gees, kan Hy tog daagliks by ons wees. Maar as Christus as mens in die hemel is, en as God by ons op aarde, kan Christus Homself dan in twee helftes opdeel? Kan sy Godheid en sy menswees dan afsonderlik van mekaar te werk gaan? Die HK se vraag en antwoord 48 sê: *“Maar as die mensheid nie orals is waar die Godheid is nie, word die twee nature in Christus dan nie van mekaar geskei nie? Nee, glad nie. Die Godheid kan immers deur niks ingeperk word nie en is oral teenwoordig.”* Hieruit moet volg dat die Godheid wel buite sy aangenome mensheid is, maar tog ook daarin is en persoonlik daarmee verenig bly.

VAN VERWORPE BABA TOT BRUID VAN CHRISTUS

Jan van Houwelingen

“Hierin is die liefde : nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het, dat Hy sy eie Seun gestuur het as versoening vir ons sondes.” - 1 Joh. 4:10

Verseker ‘n baie bekende teks! ‘n Ander gedeelte uit die Bybel wat miskien nie so bekend is nie, maar nietemin ewe mooi, is Eségiël 16. Hierdie Bybelgedeelte was gemik teen die Jode wat ten tye van die ballingskap in Jerusalem agtergebly het. In ‘n baie mooi vergelyking maak die Here aan sy volk sy liefde en genade bekend.

Hy vergelyk hulle met ‘n babatjie. ‘n Pasgebore babatjie, van wie die naelstring nog nie eens deurgesny is nie en ook nog nie van die

geboortebloed skoongewas is nie. Die babadogtertjie is naak in die veld weggegooi, ‘n prooi vir die wilde diere. Waardeloos, onbeskerm op die groot, gevaarlike veld. Maar, gaan die Here verder: “Ek het by jou verbygegaan en Ek het jou sien spartel in jou bloed; Leef! Ja, Ek het vir jou gesê in jou bloed; Leef!” (vs.6) Die Here gaan Hom hier oor die meisie, die volk, ontferm. Hy sluit ‘n verbond met hierdie volk. Die meisie het groot geword en die Here het haar oorlaai met geskenke en sierade. In die Ooste was daar ‘n groot verskeidenheid aan sierade. Ons kan voorbeelde hiervan in Jesaja 3:18-32 kry. Daar word gepraat van voetringe, oorversiersels, armbande, voetkettinkies, pronkgordels, handspieëltjies en neusringe. Alles baie kosbare geskenke van silwer en goud.

CHRISTUS SE HEMELVAART

Na Sy opstanding het ons Here Jesus Christus nog 40 dae op aarde gebly. Daarna het Hy na die hemel opgevaar.

Waar is die hemel?

Ons dink meestal maar: êrens bo ons. So sê die Bybel dit ook.

Hoe staan dit bv. in die tweede gebod van God se Wet?

Tog kan die hemel nie letterlik bo ons wees nie. Hoekom nie?

Ons meen meestal maar dat die hemel baie ver weg is. Nog verder as die verste ster of planeet.

Maar miskien is die hemel nader as wat ons dink. Die afstand tussen hemel en aarde is naamlik nie 'n kwessie van kilometers nie, maar van

ONSIGBAARHEID. God het die hemel en sy

Redaksies:

Pretoria:

Redakteur: Dirk Boon (dboon@csg.pwv.gov.za)

Sekretaresse: Iemke Buenk

Penningmeester: Andreas Boon

Lid: Rinus Kamphuis

Tegnies: Bijker Broers (gerhard@wefa.co.za)

Maranata:

Redakteur: Johannes de Vries

(johannes@ef.techpta.ac.za)

Penningmeester: Gerjan Hagg

Lede: Annemarie de Vente

Anneke de Jager

Kaapstad:

Redaktrise: Mirjam Raimond (mraimond@adept.co.za)

Artikelfersorging: Maartje Eefting

Christine van der Linden

Sekretaresse: Margreet Moes

Finansies: Jaco Haak

Addisionele Lid: Erik van Alten

Kontakpersone:

Johannesburg: Wolter Bijker (wolter@global.co.za)

Bethal: Leclue Nienaber

Ons hoop om *Die Olielamp* 9 keer per jaar uit te gee.

Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende internet adres:

<http://www.vgk.org.za/olielamp/>

Koste: R35 per jaar

bewoners vir ons onsigbaar gemaak. Ook die engele is onsigbaar. Maar hulle is elke dag by ons!

Wat is die hemel?

Die Bybel gebruik meer as een beeld om vir ons duidelik te maak wat die hemel is. In Joh. 14:2 word die hemel 'n huis genoem: "In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gese het. Ek gaan om vir julle plek te berei." In Matt. 3:12 noem Johannes die hemel: "Sy skop is in sy hand, en Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak en sy koring in die skuur saambring, maar die kaf sal Hy met onuitbluslike vuur verbrand."

Wat is die aarde?

As ons met hierdie beeldspraak voortgaan, kan ons sê: die aarde is die akker waarop ons eers ryp vrugte moet dra voordat ons hemel toe mag gaan. Die aarde is, en nou gebruik ons die ander beeld: die werkplek waar God ons as sy kinders aan die werk gesit het. Die aarde is ons hemelse Vader se besigheid waar ons sy belange moet behartig. As gevolg van die sonde het God se werknemers alles skeefgetrek: God se kinders het opstandelingeword wat hul eie besigheid begin het. Mense soek nie meer God se eer nie, maar hul eie eer. God se akker het giftige vrugte begin voortbring. Ons sondeval het God die reg gegee om die deur van sy vaderhuis vir ewig vir ons almal toe te maak. Hy kon die deure van die hemelskuur gesluit het. In plaas daarvan het God egter sy Eniggebore Kind aarde toe gestuur. Hy wou in ons plek die werk doen waarin ons gefaal het. Hy wou hier op aarde in Vader se besigheid besig wees tot God se eer. Hy wou die ryp vrugte voortbring wat in ons lewens nie meer gegroei het nie. En toe ons Here Jesus dit alles gehoorsaam volbring het, het Hy weer hemel toe gegaan.

Wat beteken Christus se hemelvaart dus?

Hy is die eerste Kind wat na sy volbragte werk tuisgekome het. Hy is die Eersteling van die oes wat God in sy skuur kan bêre. Hy is die begin van 'n groot stroom mense wat Hom sal volg. God se oorspronklike skeppingsplan kan danksy Christus tog realiseer! Want Christus het nie vir Homself na die aarde gekom en daar gelewe en gewerk nie. Hy het gekom om ons plek vol te staan. Hy het vervolgens ook vir ons weer na die hemel gegaan. Hy is "ons ten goede" in die hemel, sê die Kategismus (vraag en antwoord 46: *Wat verstaan ons*



DIE OLIELAMP

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

Redaksioneel

GEBEURE OM ONS

Daar is heelwat dinge om ons aan die gang wat vir almal op 'n manier belang het. Daar is baie verwickelinge oor die jaar 2000 en daarby kom ook die aanstaande verkiesing, asook die oorlog in Kosovo. Hoe staan ons teenoor hierdie verwickelinge?

Die jaar 2000 is 'n tema wat nou al redelik baie aangespreek is. Daar is al baie oor geskryf en geredeneer. Dit is belangrik dat ons ingelig is oor dit wat wel of nie kan gebeur nie. Ons moet nie oningelig alles aanvaar wat na ons toekom nie, maar probeer om selektief en ingelig alles te hanteer.

Hoe lyk die situasie in Kosovo? Die Albanese word verplig om hulle besittings agter te laat en die land te verlaat. 'n Groot gedeelte van die mans word doodgeskiet. Paspoorthe word gekonfiskeer en baie

mense sterf by die grensposte a.g.v. siektes en uitputting. Die inwoners van die land staan as lewende teikens op die brûe sodat NATO nie die brûe moet verwoes nie. Baie onskuldige mense word doodgeskiet. Die situasie lyk baie beslis nie rooskleurig nie. Wat sou ons in so 'n situasie as Christene doen? Wat sou ons in so 'n geval van Christene in ander lande vra?

Laat ons die Christene wat daar is aan die Here opdra sodat Hy hulle sal beskerm en die nodige krag sal gee. Laat ons ook bid dat daar vrede kan kom en dat die belangrike persone die regte besluite sal neem. Ons moet verder ook baie dankbaar wees vir die rustigheid wat ons in ons eie land het.

Namens Maranata redaksie
Johannes de Vries

INHOUD

Uit die Woord	Christus se Hemelvaart		2
	Van verwerpe Baba tot Bruid van Christus	Jan van Houwelingen	3
Oppad	Christen in die kunste	Geerarda van der Vinne	4
	Heidelbergse kategismus	Hilde Ros	5
	Hoe staan jy teenoor jou Dominee?	Wolter Miske	6
	Kongres en getuienis: die drankkewessie	Jaco de Wet	6
Voel jy ook so?	Talente	Jako Haak	8
	Ek, die koning van die Jeug!	Idelet Kuyvenhoven	9
	Hoe hanteer ek kritiek		10
Reaksie	Gesange sing		10
Johannesburg	Die nuwe bestuurstelsel		11
Rehobot	Deur die sleutelgat		12
	'n Paar interessantheide oor die volk Israel		14
Bethal	Die ontstaan van die VGK Bethal	Le Clué Nienaber	15
Maranata	Wat voel eerstejaars oor JV?	Cora Visser	15
	"Mini Worldcup" Sokker	Margreet Bron	16
Rondvraag	Verjaarsdae		16